

Kinders en die Bybel – Hermie van Zyl

Rina vra:

Hoe leer mens jou kinders om die Bybel reg te verstaan? Is daar enige boeke of aanlyn- of aflaaibare dagstukke/Bybelstudie wat mens kan doen met hulle om bv die doop, paasfees, ens, reg te verstaan en die ware betekenis te begryp?

Antwoord

Prof Hermie van Zyl antwoord:

Die vraagsteller sê ongelukkig nie hoe oud die kinders is waaroor navraag gedoen word nie. Verder is dit ook nie heeltemal duidelik of gesoek word na hulpmiddels wat die *teks/verhaal* van die Bybel verstaanbaarder vir kinders maak en of dit eerder gaan oor *leefstyl* of *leerstellige kwessies* nie (daar word wel verwys na die doop, paasfees, ens). Ek kan dus net in die algemeen probeer leiding gee oor hoe mens jou kinders aan die Bybel en sy inhoud blootstel.

Eerstens is daar die sogenaamde *Kinderbybels* vir jonger kinders – óf om vir hulle voor te lees óf wat hulle self kan lees. Ek weet daar is baie vir en teen *Kinderbybels* te sê. As 'n vertrekpunt dink ek moet mens uiteindelik jou kind by die “regte” Bybel self uitbring, maar daar mag tog 'n vroeë stadium wees waar mens jou kind vertrou wil maak met die inhoud van die Bybel sonder om dit te moeilik te maak. Ek self het met die *Kinderbybel* grootgeword en het niks negatief – sover ek weet – daarvan oorgehou nie. Inteendeel, dit het juis by my 'n nuuskierigheid gewek om met die “groot” Bybel (soos ek dit destyds genoem het) besig te raak. Ek onthou hoe ek

dikwels dieselfde verhaal wat ek in die Kinderbybel raakgeloop het, ook in die Bybel gaan lees het om met mekaar te vergelyk. Maar vir lank het die Kinderbybel en die "groot" Bybel 'n parallele bestaan in my kinderlewe gehad. Geleidelik het die behoefte aan die Kinderbybel weliswaar verdwyn. Mens moet dus jou kind van kleins af bewus maak daarvan dat die Kinderbybel eintlik net 'n tussenstadium is totdat hulle oud genoeg is om self die Bybel te hanteer. In jou kerk se eredienste, kategese/Sondagskool en by die huisgodsdienste word jou kind in elk geval voortdurend aan die Bybel self blootgestel. Oor watter Kinderbybel die beste is, wil ek my nie graag uitlaat nie. Daar is talle op die mark. Maak gerus 'n draai by 'n goeie Christelike boekwinkel soos Christelike Uitgewersmaatskappy (CUM) of Lux Verbi en vra wat hulle sal aanbeveel. Iets in dieselfde trant: Die Bybelgenootskap van SA (BSA) het 'n Bybelgeletterdheidsprogram vir die heel jong kind waar kinders leer lees en spel aan die hand van Bybelverhale. Dis regtig 'n opwindende program, opgestel deur professionele opvoedkundiges. Die materiaal is gratis aflaaibaar van die BSA se webwerf (<http://www.bybel.co.za/home/>). Besoek dit gerus.

Tweedens, iets wat baie help om kinders se algemene Bybelkennis te bevorder, is *Bybelkenniseksamens*, veral vir die ouer kinders. Ek het self hieraan as kind deelgeneem en dit het my baie gehelp om die Bybel op 'n sistematiese manier deur te werk. Dit lê somer vroeg 'n goeie algemene Bybelkennis by die kind vas. Ek weet dat baie kerke nog steeds hierdie praktyk het. Hulle hou selfs "kompetisies" in en tussen gemeentes. Vind uit of daar in julle kerkopset so-iets is en, indien wel, moedig jou kinders aan om hieraan deel te neem. Ek weet kinders is oor die algemeen nie "mal" hieroor nie, want dis nog 'n ding waarvoor hulle moet leer, maar uiteindelik is dit tog die moeite werd as dit oor basiese Bybelkennis gaan. Want so leer jou kind ten minste om die Bybel self behoorlik te lees vir antwoorde. Die BSA se webblad (kyk bo) het ook 'n Bybelvasvra-afdeling waar jy self jou Bybelkennis kan toets (of doen dit saam as gesin!).

Derdens, daar is baie *hulpmiddels* (elektronies en in druk) vandag beskikbaar om veral kinders te help om die Bybel *sistematies deur te lees*. 'n Mens sou byvoorbeeld by die boekwinkels van CUM kon gaan inloer wat hulle alles beskikbaar het. Hierdie hulpmiddels lê op verskillende vlakke – van gewone leeshulpmiddels om die betrokke Bybelgedeelte met begrip te lees tot meer interpreterende hulpmiddels (kommentare) wat bepaalde Bybelboeke se betekenis vir die leser uitlê. 'n Goeie voorbeeld van lg is CUM se *Bybellennium* wat 'n kommentaar is op die hele Bybel. Dit is weliswaar vir volwassenes bedoel, maar gevorderde hoërskoolkinders sal dit goed kan baasraak. Iets wat kleiner kinders dalk makliker sal vind, is Dave Strehler se “Ontdekkingsreis deur die Bybel vir kinders”. Om die Bybel so sistematies te lees aan die hand van 'n hulpmiddel is iets wat julle as gesin kan saamdoen. Dit sou vir my die eerste prys wees – om nie net jou kind self die Bybel/hulpmiddel te laat lees nie, maar dit as gesin saam met hulle te doen. Maar onthou, dit moet vir hulle lekker wees om dit saam met julle te doen. Moet dit nie 'n stresvolle geleentheid maak waar die kinders voel dat hulle “gekatkiseer” gaan word oor die Bybel of moeilike vrae moet beantwoord nie. Hulle kry gou die gevoel dat die een “afsteek” of afgespeel word teen die ander, en dit wil mens nie hê nie. Elkeen moet op sy/haar eie manier saam met pa en ma God se hartstaal aan hulle leer ken. Maar hierdie saamlees-ervaring kan 'n wonderlike groeigeleentheid wees vir kinders (én ouers). Die BSA se webblad (kyk bo) het ook 'n afdeling vir hulpmiddels waar mens allerlei leesstof kan aflaai oor interessante onderwerpe, bv Hoe om die Bybel te lees; Troos uit die Woord; Saam met God by die werk; 'n Bybelleesrooster; Wat dit beteken om kind van God te wees; Plante, diere en beroepe in die Bybel; ens.

Vierdens, daar is natuurlik ook die kwessie van *watter vertaling* van die Bybel mens aan jou kind wil deurgee. (Ek laat vir doeleindes van hierdie skrywe die Engelse vertalings weg.) Die aangewese een is seker die *1983-Afrikaanse Vertaling*

van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Dit bly nog maar die standaard, en word ook deur die meeste Afrikaanse kerke as hulle amptelike vertaling gebruik. Uiteraard is daar nog die sogenaamde “ou” vertaling ook (die 1933/1953 een), hoewel sy woordgebruik en sinskonstruksies al ietwat verouderd is en bietjie vreemd op die oor val. Veral kinders vind dit moeilik om te verstaan. Aan die ander kant van die spektrum is ‘n vertaling wat baie lekker lees vanweë sy vryer vertaalmetode, die *Nuwe Lewende Vertaling* (NLV) van CUM. ‘n Mens kan hom met vrymoedigheid gebruik. *Die Boodskap* (ook uit CUM se stal) is ‘n nóg vryer vertaal as die NLV en is ‘n lekker leeservaring. Dan is daar ook *Die Bybel vir Almal* van die Bybelgenootskap van SA. Dit het eenvoudige sinskonstruksies met omskrywings van moeilike begrippe. Dit behoort ook goed af te gaan by jonger kinders. (Let wel, dis die volledige Bybel en nie ‘n Kinderbybel nie.) En laastens is daar ook die *Direkte Vertaling* van die Bybelgenootskap wat tans in wording is. ‘n Proefuitgawe wat die Nuwe Testament en Psalms bevat, het reeds verskyn en is by die Bybelgenootskap beskikbaar (R40). Hierdie vertaling probeer die oorspronklike idioom van die Bybel goed vasvang en verwoord, maar dan in vandag se Afrikaans. Ek voorspel dat hy baie gewild gaan word in die toekoms.

Vyfdens, as dit gaan oor meer *algemene hulpmiddels*, afgestem op leerstellige of leefstylkwessies, of dagstukkies (met of sonder Bybelse raad oor allerlei sake), is onderstaande webwerwe almal aan te bevole (sommige is reeds hierbo genoem). Hulle het spesiale afdelings vir kinders en tieners/jeug. Daar kan mens na hartelus rondblaai en kyk wat alles beskikbaar is om jou kind van hulp te wees om nie net die Bybel self te lees nie, maar ook met lewensvrae vanuit die Bybel hulp te kry:

Lux Verbi: <http://luxverbi.co.za/?language=afrikaans>

Bybelmedia: <http://www.bybelmedia.org.za>

Christelike Uitgewersmaatskappy: <http://www.cumuitgewers.co.za>

Bybelgenootskap van SA: <http://www.bybel.co.za/home/>

Ten slotte, daar is nie 'n vreeslike reg of verkeerd in hoe mens jou kind aan die Bybel (en daarmee aan die Woord van God) bekendstel nie. Moedig jou kind aan om self die Bybel te lees, maar doen dit ook as gesin. En onthou, uiteindelik gaan dit nie oor blote Bybellees of Bybelkennis nie (uiteraard is dit nie onbelangrik nie), maar oor hoe die Bybel se inhoud jou lewe verander. Dít is wat mens uiteindelik in jou kind se lewe wil bereik. En daarvoor is 'n lewe as Christengelowige saam met jou kind onontbeerlik. Dis die beste geskenk wat 'n mens hulle kan gee.

Skrywer: Prof Hermie van Zyl

Om die Bybel as towerspreuk aan te wend is heidens – Kobus Kok

Inleiding:

Op Radio Kansel se Brandpunt program (06:30-07:00 op 19 Junie 2015) het prof Hennie Stander, ek en Wynand Rossouw 'n baie interessante gesprek gehad. Dit gebeur dikwels dat goeie Christene die Bybel amper soos 'n towerspreuk aanwend. Mense sal byvoorbeeld sê: "Ek beroep my op Psalm 91", en dan bedoel hulle dat God hulle moet beskerm. Of mense plak die teks op hulle karre in die hoop dat hulle nie in 'n ongeluk sal kom nie of dat die motor nie gesteel sal word nie. Is dit werklik hoe die Bybel bedoel was om gebruik te word? Neig dit nie aan heidense gebruike nie? Die antwoord is "ja", dit is baie gevaarlik indien ons die Bybel wil gebruik soos 'n towerspreuk

asof daar een of ander krag in die Bybelse verse lê. Mense manipuleer ook dikwels die Bybel om eerder hulle stem en wens te laat hoor as die van God. Onlangs het ek dit eerstehands in 'n baie sensitiewe situasie beleef. Een van ons goeie vriende se kind het skielik siek geword met Kinkhoes. Uiteindelik is die kindjie opgeneem in die ICU. 'n Whatsapp groep is gestig en mense het met die beste bedoelings probeer om ons vriende by te staan. In die proses het allerlei tekste links en reg gevlieg. Sommiges het gesê dat die ouers nie bekommerd moet wees nie want die Here het hulle gewys dat Hy die kindjie gesond sal maak. Maar dit het nie gebeur nie. Een dag voor sy eerste verjaarsdag het die kindjie in die hospitaal gesterf. Die ouers is stukkend. Die mense wat die tekste gestuur het voel sleg. Ons almal voel ontbloot en verslaan.

Soms projekteer ons ons ons eie wense op ander mense, en dan dink ons dit is die stem van die Here. Die hartseer is dat ons dikwels slagoffers in die proses skeep. So het een ma op 'n dag vir my vertel dat 'n pastoor vir haar vertel het dat haar kindjie sieklik is as gevolg van 'n sonde wat sy begaan het, en daarby ook 'n teks aangehaal het om sy punt te ondersteun. Dit is nie wat die Here van ons vra nie.

Lees die Bybel altyd in konteks

Het iemand jou al ooit buite konteks aangehaal? Dit gebeur soms dat mense iets wat jy sê uit verband of uit konteks aanhaal, en dan voel mens die behoefte om vir die persoon te sê: "Nee, wat ek eintlik bedoel het was..." Net so dink ek sou ou arme Paulus ook vir 'n klomp van ons wou kom sê: "Nee, wag, wat jy nou met Romeine 8:28 doen is nie heeltemal wat ek bedoel het daarmee nie. Ons pluk al te maklik 'n versie hier en 'n versie daar uit die Bybel en kies dit op so 'n wyse dat dit eintlik in ons eie raamwerk inpas. Die waarheid is egter dat Paulus byvoorbeeld, sy brief aan die Galasiërs of sy brief aan die Romeine aan 'n spesifieke groep mense gerig het na aanleiding van en in die konteks van 'n bepaalde situasie. Konteks is baie belangrik om werklik tot verstaan te kom. Ek

lees nou die dag dat 'n kommunikasiekundige skryf dat tot 80% van kommunikasie tussen mense in die dampkring van die konteks plaasvind, met ander woorde, die atmosfeer waarin iets gesê is, die nie-verbale kommunikasie tussen die sender en die ontvanger van 'n boodskap. Kom ons verduidelik dit bietjie deur die volgende voorbeeld te gebruik:

Terwyl die man en vrou rustig in die sitkamer sit, hy met sy koerant en sy met haar leesboek, tuur die man by die venster uit en merk op: "Dit lyk my dit gaan reën". Dadelik staan die vrou op, sit haar boek op die koffietafel neer en loop na buite om die kombes en lakens van die draad te gaan afhaal. Sien jy wat hier gebeur? Die man het nie gesê: "Skat, dit kom reën en ek dink jy moet die wasgoed gaan haal nie." Hy het 'n bepaalde stelling gemaak wat in die konteks by die resepsie of ontvangs van die boodskap by sy vrou 'n bepaalde reaksie tot gevolg gehad het. Beide van hulle het geweet dat Maandag wasdag is, en dat die lakens en die kombes buite was. Albei het geweet dat hulle vanaand graag onder die lakens en kombes wil inkruip. Dus, indien mens nou fikseer op die sin "Dit lyk my dit gaan reën", mis mens die belangrikste dimensie van die kommunikatiewe handeling, naamlik die aksie van die afhaal van die kombes en lakens van die draad af. Dit is eintlik die punt van die hele saak en wat die man met sy woorde wou kommunikeer. Ons kan dus sê dat die intensie van die spreker juis bestaan het daarin om sy vrou bewus te maak van die bedreiging wat die reën sou inhou vir die lakens. Die punt is dus dat betekenis dikwels in konteks sin maak en dat daar dikwels gelaaide betekenis in stellings kan wees wat die deelnemers in die gesprek verstaan maar wat dalk nie vir die "objektiewe" leser so belangrik is nie. Dit is juis om hierdie rede dat teologie studente vir soveel jare teologie studeer juis om die Bybel binne die antieke konteks te verstaan. Sekere dinge maak net sin in 'n sekere konteks, taal en kultuur. Onthou, tussen ons en die Bybel is daar eintlik 'n reuse gaping van 2000 jaar in tyd en daar is ook 'n kulturele gaping en 'n taal-gaping. Die Nuwe Testament byvoorbeeld, is

oorspronklik geskryf in Grieks. Selfs moderne Griekse mense sukkel om die Nuwe Testamentiese Grieks te verstaan – dit is amper erger as wanneer ons Shakespeare se Engels probeer verstaan! In sekere tale is daar sekere uitdrukkings wat eie is aan 'n bepaalde groep en tyd. Vat maar die voorbeeld: “Hy het al weer die hasepad gekies”. In Engels, indien mens dit direk sou vertaal, sou dit geen sin maak nie: “He chose the rabbit-road again”. In Engels het mens nie so 'n uitdrukking nie. Daarom kan die Engelse persoon nie die woorde letterlik opneem nie. Dit gaan tog tot misverstand lei! Mens moet dit baie mooi in Engels met ander woorde beskryf om die saak of punt wat gekommunikeer word reg oor te dra. Net so is dit met die Bybelse teks. Ons kan nie sommer net aanneem dat indien ons in die Bybel lees: “Julle is tot alles in staat...” of “Wat ook al julle in My naam vra sal ek julle gee” net so, letterlik geïnterpreteer moet word nie. Net soos Rabbit-road nie letterlik geïnterpreteer kan word nie. Daar is dus nie 'n een tot een korrelasie tussen die woorde en die letterlike toepassing daarvan nie. Mens moet dus altyd eers vra: “Wat is die konteks waarin Paulus of Johannes dit gesê het?” “Wat bedoel hulle presies met wat ook al?”. Indien ons die Bybel sommer net so, onnadenkend interpreteer, mag ons dalk dink dat ons op God se woord staan en die Bybel alleen net so lees soos dit daar staan. “God said it, therefore I do it”. Maar die waarheid is egter dat so 'n persoon eintlik aantoon hoe min hulle werklik van taal, konteks en betekenis verstaan. In die teologie noem ons dit hermeneutiek – of die studie van hoe kommunikasie werk en hoe daar tot “verstaan” gekom kan word. Indien mens bewus word van die meervoudige dimensies van taal, dan raak mens baie versigtig om nie te vinnig te sê “so spreek die Here nie”. Mens raak ook baie versigtig om die Bybel nie sommer te vinnig te gebruik as 'n soort towerboekie nie. Inteendeel, mens ontwikkel eerder 'n begeerte om die teks *verantwoordelik te lees*. Dit behels dat mens jouself blootstel aan perspektiewe wat jou kan help om die agtergrond van die Bybel te verstaan, en om moeite te doen met die studie van die Woord van God. Daar is baie hulpmiddels op die mark. Indien jy

nog nie so iets het nie, koop gerus vir jou 'n verklarende Bybel. So 'n Bybel begin met 'n kort agtergrondstudie van die konteks van die skrywer en die ontvangers van die boodskap en die hoof temas van die Bybelse boek of brief. Dan volg daar 'n vers vir vers kommentaar op die teks wat jou in staat stel om die kommunikasie tussen lyne raak te sien. Een van my gunsteling boeke is die van Prof Hennie Stander met die titel "Hoe om die Bybel beter te verstaan" (Carpe Diem, 2003). Die boek hanteer die belangrikste dimensies waaroor ek hier skryf en bied dit aan met praktiese voorbeelde wat jou sal help om dinge maklik te verstaan en insig te kry in moeilike hermeneutiese sake.

Een laaste gedagte: Die ouens van ISIS wat mense in die naam van Mohammed onthoof, glo dat hulle die Koran reg en letterlik interpreteer. Hulle doen gewoon wat die teks sê. Die probleem is egter dat daar in die einste Koran ook baie dele is wat toleransie en sensitiwiteit vir die buitestander beklemtoon. Hulle kies ook maar die verse wat hulle wil ter wille van hulle eie ideologiese en politieke gewin. Dikwels doen Christene dieselfde. Die les wat ons by ISIS kan leer is dat mens baie baie versigtig moet wees met jou interpretasie van geskryfte en dat mens nie te vinnig God in 'n boksie moet probeer sit om jou eie belange en wense te bedien nie. Onthou dat wanneer jy sê "Ek lees die teks en doen net wat die teks sê" dit gewoon nie so eenvoudig is nie. Dit wys eintlik hoe min jy verstaan van die aard van antieke tekste en die aard van kommunikasie waarin 80% van kommunikasie dikwels in konteks *buite woorde* sin maak. Kom ons raak nederig en luister eerder na God as wat ons te vinnig namens Hom wil praat of Hom wil probeer manipuleer vir ons eie gewin. Uiteindelik is God nie 'n akteur in ons storie nie, maar is ons die akteurs in God se storie. Een van die vrug(te) van die Gees is nederigheid. Hoe slimmer en ouer ons word, hoe meer besef ons hoe min ons werklik van God en die lewe verstaan en hoe meer skep mens ruimte in nederigheid en "compassion" vir ander.

Skrywer: [Prof Kobus Kok](#)

Kinders en die Bybel – Hermie van Zyl

Franciske vra:

Onderwerp: Leer kinders die Bybel

Boodskap Teks: Ons doen tuisonderrig met ons kinders (10 en 13 jaar oud) en vra graag raad oor hoe om die Bybel goed vir hulle te leer.

Ons het altyd gedink dat die Bybel te moeilik is vir kinders om te verstaan. Daar is immers baie groot woorde daarin. Ons doen nog altyd saans die kinderbybel met die 10 jarige en die 13jarige lees self Bybel. Ek vind dat ten spyte van ons lees van die kinderbybel elke aand, ons dogter, 10 jaar, nog steeds nie die meeste van die inhoud ken nie. Haar boetie se kennis is egter beter as gemiddeld.

Vriende van ons het die Bybel vir hulle kinders gelees van baba dae af en hulle kinders ken die Bybel baie baie goed. Kan selfs teksverse aanhaal.

Dit is dus 'n reuse fout (verkeerde aanname) wat ons gemaak het. Maar hoe kan ons dit nou regstel? Waar begin ek sodat hulle teen 18 die Woord regtig baie goed sal ken?

Antwoord:

Prof Hermie van Zyl antwoord:

Ek dink die eerste ding wat mens moet sê, is dat julle oor niks hoef skuldig te voel nie. Ek self het met die kinderbybel grootgeword en het niks negatief – sover ek weet – daarvan oorgehou nie. Inteendeel, dit het juis by my 'n nuuskierigheid gewek om met die “groot” Bybel (soos ek dit daardie tyd genoem het) besig te raak. (Ek het laasgenoemde reeds in Standaard 1 [Graad 3] as geskenk van my ouers ontvang, en dit was vir my 'n groot ervaring om met my eie “groot” Bybel in die hand kerk toe te gaan.) Ek onthou hoe ek dikwels dieselfde gebeure wat ek in die kinderbybel gelees het, ook in die Bybel gaan lees het om met mekaar te vergelyk. Maar vir lank het die kinderbybel en “groot” Bybel 'n parallelle bestaan in my kinderlewe gehad. Geleidelik het die behoefte aan die kinderbybel weliswaar verdwyn. Moedig jou dogter dus aan om ook hierdie vergelyking tussen kinderbybel en Bybel te doen, en kyk wat gebeur.

Verder, daar is normaalweg genoeg ander kontekste waar jou kind aan die Bybel self blootgestel word, om maar net julle kerk se eredienste en katechese te noem (so neem ek aan). Ek dink hierdie kontekste is noodsaaklik om vir haar die brug te vorm na die Bybel sodat sy self, soos sy groter word, sal beseft dat die kinderbybel net 'n voorbereidingsfase is om belangstelling te wek vir die Bybel self.

'n Ander ding wat in my eie kinderjare baie gehelp het om bloot op Bybelkennisvlak te vorder, was die Bybelkenniseksamen wat destyds in die Kaapse omgewing aangebied is. My ouers het my gereeld elke jaar daarvoor ingeskryf, en op dié manier het ek op 'n sistematiese manier die Bybel deurgewerk met die gevolg dat my algemene Bybelkennis in laat-laerskool en vroeg-hoërskool stadium van 'n baie goeie standaard was. Ek weet dat baie kerke nog steeds hierdie praktyk het. Hulle hou selfs “kompetisies” in en tussen gemeentes. Vind uit of daar in julle kerkopset so-iets is en, indien wel, moedig beide van julle kinders aan om hieraan deel te neem. Ek weet kinders is oor die algemeen nie

“mal” hieroor nie, want dis nog ‘n ding waarvoor hulle moet leer, maar uiteindelik is dit tog die moeite werd as dit oor basiese Bybelkennis gaan.

Dan is daar baie hulpmiddels (elektronies en in druk) vandag beskikbaar om veral kinders te help om die Bybel sistematies deur te lees. ‘n Mens sou byvoorbeeld by die boekwinkels van Christelike Uitgewersmaatskappy (CUM) kon gaan inloer wat hulle alles beskikbaar het. Hierdie hulpmiddels lê op verskillende vlakke – van gewone leeshulpmiddels om die betrokke Bybelgedeelte met begrip te lees tot meer interpreterende hulpmiddels (kommentare) wat bepaalde Bybelboeke se betekenis vir die leser uitlê. ‘n Goeie voorbeeld van laasgenoemde is CUM se Bybellennium wat ‘n kommentaar is op die hele Bybel. Iets wat kinders dalk makliker sal vind, is Dave Stehler se “Ontdekkingsreis deur die Bybel vir kinders”. Om die Bybel so sistematies te lees aan die hand van ‘n hulpmiddel is iets wat julle as gesin kan saamdoen. Dit sou vir my die eerste prys wees – om nie net jou kind self die Bybel te laat lees nie, maar dit as gesin saam met hulle te lees en te probeer verstaan. Maar onthou, dit moet vir hulle lekker wees om dit saam met julle te doen. Moet dit nie ‘n stresvolle geleentheid maak waar die kinders voel dat hulle “gekatkiseer” gaan word oor die Bybel of moeilike vrae moet beantwoord waar die een “afsteek” of afgespeel word teen die ander nie. Elkeen moet op sy/haar eie manier saam met pa en ma God se hartstaal aan hulle leer ken. Maar hierdie saamlees-ervaring kan ‘n wonderlike groeigeleentheid wees vir kinders (én ouers).

Daar is natuurlik ook die kwessie van watter vertaling van die Bybel mens aan jou kind wil deurgee. (Ek laat vir doeleindes van hierdie gesprek die Engelse vertalings daar.) Die aangewese een is seker die 1983-Afrikaanse Vertaling van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Dit bly nog maar die standaard, en word ook deur die meeste Afrikaanse kerke as hulle amptelike vertaling gebruik. Uiteraard is daar nog die

sogenaamde “ou” vertaling ook (die 1933/1953 een), hoewel sy woordgebruik en sinskonstruksies al ietwat verouderd is en bietjie vreemd op die oor val. Veral kinders vind dit moeilik om te verstaan. Aan die ander kant van die spektrum is ‘n vertaling wat baie lekker lees vanweë sy vryer vertaalmetode, die Lewende Nuwe Vertaling van CUM. ‘n Mens kan hom met vrymoedigheid gebruik. En dan is daar ook die Direkte vertaling van die Bybelgenootskap wat tans in wording is. ‘n Proefuitgawe wat die Nuwe Testament en Psalms bevat, het reeds verskyn en is by die Bybelgenootskap beskikbaar (R40). Hierdie vertaling probeer die oorspronklike idioom van die Bybel goed vasvang en verwoord, maar dan in vandag se Afrikaans. Ek voorspel dat hy baie gewild gaan word in die toekoms. Maar ek sou met die 1983-vertaling begin.

Ten slotte, daar is nie ‘n vreeslike reg en verkeerd in hoe mens jou kind aan die Bybel (en daarmee aan die Woord van God) bekendstel nie. Wat my betref het julle tot sover fantasties gedoen met julle kinders se Bybelopvoeding. Sit dit as gesin voort, met in agneming miskien van die gedagtes wat ek hierbo deurgegee het. En onthou, uiteindelik gaan dit nie oor blote Bybelkennis nie (uiteeraard is dit nie onbelangrik nie), maar oor hoe die Bybel se inhoud jou lewe verander. Dít is wat mens uiteindelik in jou kind se lewe wil bewerk. En daarvoor is ‘n lewe as Christengelowige saam met jou kind onontbeerlik. Dis die beste geskenk wat julle hulle kan gee.

Skrywer: [Prof Hermie van Zyl](#)

Interpretasie van die Bybel – sekere kerngedeeltes

“A Bible that’s falling apart usually belongs to someone who isn’t.” C. H. Spurgeon

Interpretasie van die Bybel – sekere kerngedeeltes

As ons die Bybel interpreteer is daar een aspek waaraan ons aandag moet gee. Sekere kerngedeeltes in die Skrif bevat ‘n uitgebreide hantering van sekere belangrike leerstellings. Dit is plekke waar ons die grootste hoeveelheid materiaal in een plek van daardie leerstelling kry. In werklikheid stel hierdie gedeeltes grense vir ons interpretasie van daardie aangeleenthede.

Kom ons noem ‘n paar van hierdie gedeeltes:

- Genesis 1 – 2: Die skepping.
- Jesaja 40: Die onvergelykbaarheid van God.
- Jesaja 53: Die aard van die versoening.
- 1 Korintiërs 15: Die opstanding van Christus.
- 2 Korintiërs 5:1 – 10: Die aard van die tussenstadium
- Filippense 2:1 – 11: Die aard van Jesus se menswording.